# KRUISGENOOT

23 November 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

24 November - Amanda Stols
25 November - Elzani Bronkhorst
25 November - Irene Landsberg
26 November - Anne-Marie Pieterse
27 November - Wynand Mouton
28 November - Suzette Botha
28 November - Brown Edelweiss
28 November - Victor Hattingh
29 November - Marietjie Richter (87)

# bid



**Puerto Rico**: Bid vir die Bybelgenootskap en vir plaaslike kerke waar hulle pastore en leiers ondersteun met traumaberading en Bybelverspreiding. Bid dat God eenheid in hulle werk sal skep, opleidings-geleenthede sal seën, asook hoop en hernude geloof sal bring aan gesinne.
**Nederlands-Antille**: en Aruba Bid vir die Bybelgenootskap wat Bybels in Papiamentu voorsien en plaaslike kerke ondersteun. Bid dat God hulpbronne vir hulle Studiebybel en vertalingswerk sal versterk.
**Oos-Karibiese Eilande**: Bid vir die Bybelgenootskap se werksaamhede. Bid vir effektiewe inisiatiewe om Bybelbetrokkenheid te bevorder, veral onder die jeug wat die Bybel as irrelevant beskou. Vra dat God harte sal oopmaak en kerkvennootskappe sal versterk.

# Kersfees

**Wat sê die Bybel oor Kersfees?**

Jesus se geboorteverhaal is 'n belangrike deel in die Evangelies van beide Matteus en Lukas, alhoewel die Bybel nêrens Kersfees as 'n spesifieke feesdag noem nie. Hierdie skrifte beskryf die gebeurtenisse van die maagd Maria wat aan die Messias geboorte gee en beklemtoon die temas van hoop, vreugde en God se liefde wat daarin sentraal is.

Daar word op vele ander plekke in die Bybel ook na die betekenis van Jesus se geboorte vir gelowiges verwys, soos byvoorbeeld:

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee." – Jesaja 9:5 (1953-vertaling)

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." – Johannes 3:16 (1983-vertaling)

Verse soos die bogenoemde herinner ons aan die ware betekenis van Kersfees: Christus se koms. Vir Christene is Kersfees 'n tyd om na te dink oor God se genade en die geskenk van verlossing deur Jesus.

**Is dit verkeerd om Kersfees te vier?**

Dit is nie verkeerd om Kersfees te vier nie. Gelowiges moet oor die geboorte van Jesus Christus juig en om die liefde van God met ander te deel, is een manier hoe 'n mens dit kan uitleef. Die bekommernis agter die vrae "is dit verkeerd om Kersfees te vier?" of "moet gelowiges Kersfees vier?" kom eintlik vanuit 'n plek van omgee oor die ware betekenis van die feestyd. Gelowiges wil graag die spesiale tyd met hulle naaste deurbring met die sekerheid dat hulle God op die regte manier eer. Die vraag sal daarom beter op die volgende manier gestel kan word: Hoe moet Christene Kersfees vier?

**Hoe kan ons Kersfees meer betekenisvol vier?**

Een van die maklikste maniere om hierdie feesseisoen 'n meer betekenisvolle geloofservaring te maak, is om deel van dié gee-seisoen te raak.

Wanneer ons Kersfees vier, het ons die wonderlike geleentheid om ons fokus op Christus te vestig en Sy liefde met ander te deel. In plaas daarvan om deur die wêreld se manier van viering meegevoer te word, kan ons hierdie spesiale tyd gebruik om die dieper betekenis van Kersfees te besef en waardeer. Christus is die middelpunt van ons geloof, en daarom behoort Hy ook die middelpunt van ons feesvieringe te wees.

Wanneer ons geskenke gee, kan ons dit met blydskap en doelgerigtheid doen, as 'n manier om die Evangelie van hoop en liefde te versprei. Feesmaaltye kan 'n geleentheid wees om God se oorvloedige voorsienigheid in Christus te vier en met ander te deel.

Laat ons hierdie Kersfees met oortuiging Christus as Here erken en Sy lig deur ons woorde en dade laat skyn. In elke klein daad van vreugde en liefde lê die ware gees van Kersfees opgesluit.




Kultuur
KARNAVAL
2026
KOORFEES
29-30 Mei 2026


G-Om Projek - Wee Care Project
#verskilmakers
Help ons asb om 'n verskil in die lewe van 'n kind te maak
Ons nooi ons gemeenskap uit om deel te word van ons projek deur jou tyd en liefde te skenk as vrywilliger by ons kleuterskool.
Hoekom betrokke raak?
• Jy help om 'n veilige, liefdevolle leeromgewing vir behoeftige kinders te skep.
• Jou betrokkenheid inspireer en bemagtig die jongste leerders in ons gemeenskap.
• Al is dit net drie ure per week, die impak op 'n kind se lewe kan vir ewig wees.
Geen vorige ondervinding nodig nie - net 'n geduldige hart wat wil help! Ons wys jou alles wat jy as vrywillige tannie-juffrou moet weet.
Indien jy belangstel of meer wil weet van ons kleuterskool, kontak ons asb! Daar is verskeie maniere hoe jy (en jou vriende of maatskappy) betrokke kan raak by ons aktiwiteite.
Laat ons saam glimlaggies skep en drome bou.
Kontakbesonderhede:
Marieta Herbst: 063 705 0304
Christel Herbst: 082 785 2439
NPO: 050 549
PBO: 930032788 (Article 18A Organisation)


Versoeningsdiens
2025
08:45 Dinsdag 16 Desember 2025
H/V Unie en Kerkstraat Rustenburg
• Samesang
• Voorlees van gelofte
• Erediens
• Historiese oorsig
• Saamkuier


Word deel van die gebedsspan!
Kontak Maggie – 082 652 9260
'N KERK WAT BID
Jakobus 5:13-20


GENESIS
Bybelstudie
Woensdag 09:00


elke dag whatsapp boodskap
WhatsApp
BEGIN DIE DAG MET
God
Sola Scriptura Solus Christus Soli Deo Gloria
Indien u daagliks hierdie boodskap op WhatsApp wil ontvang, kan u bloot u slim foon se kamara op die QR-kode hier rig en op die skakel klik.


Koffie en Tee
In die saal na die diens